KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

SEPTEMBER 2011 EDITION

DIE TIEROGIE

9-11 SEPTEMBER 2011

TYGERBERGSTREEK KAMP OP OU SKIP

INSIDE THIS ISSUE:

UIT DIE STOEL	2
SNOEKTOWN SPORT	3
SOSIAAL	5
LIEF EN LEED & VERJAARS-DAE	6
GEDAGTE VAN DIE MAAND	9

Volgende Kampe :

15-16 Oktober :

Oostewal

12—13 November :

Goudini

26-27 November :

De Hollandsche Molen

SNOEKTOWN 2011

Lank gewag, hard gewerk, vinnig verby. Net soos 'n verjaarsdag.

Ons het bekommerd geword oor die tekort aan staanplekke met die hoeveelheid besprekings wat ons ontvang het. Baie lede van al die streke moes "Double-up" om te verseker dat almal wat bespreek het kan inpas op die beskikbare plotte.

Woensdagmiddag het 'n paar komiteelede gearriveer om hulle woonwaens te parkeer en tente opgeslaan te kry. Die weer was mooi en warm genoeg vir 'n kortbroek en kortmouhemp.

Donderdagoggend het die groot werk begin met die opsit van die groot tente, gevolg deur die uitmerk van die sportbane en al die ander belangrike dinge wat gedoen moes word om te verseker alles loop reg gedurende die naweek. Die weer was maar triestig met motreën wat omtrent die heeldag geval het.

Vrydag was heeldag bestee aan afrondingswerk gevolg deur nog afrondingswerk. Die weer was beter, toegetrek maar nie reënerig nie.

SATERDAG. Die groot dag het begin met motreën, maar het later oopgtrek en verander in 'n wonderlike dag. Ek glo almal het 'n heerlike dag beleef met alles wat aangebied is.

Sondag was 'n rustige dag. Niemand is gesien nie. Die Bokke het mos uitgedraf. 'n Paar manne en dames het weer hard gewerk om die groot tente platgeslaan te kry en al die ander dinge in plek te kry sodat die oord gelyk het soos toe ons daar gearriveer het.Die meeste lede was maar traag om op te pak. Ons sal seker nooit weet of dit was as gevolg van die lekker kuier tydens Snoektown of die kuier by die Biertuin nie.

Ons is bly dat ons geen insidente beleef het soos wat daar gevrees is deur sommiges nie. Die SAPD, sekuriteits maatskappye en die Neighbourhood watch het van tyd tot tyd die oord besoek. Die meeste van die kere sonder dat enigeen hulle gesien het.

Die oord het baie moeite gedoen om die sport/stalletjies area reg te kry vir ons. Ons sê baie dankie. Die badkamers was altyd netjies en ons het geen klagtes ontvang oor enige badkamers wat onnet was nie. Ons as besoekers het inteendeel komplimente van die skoonmaak personeel ontvang oor hoe netjies ons die badkamers gelos het.

Ons volgende kamp is by Oostewal in Langebaan gedurende die naweek van 14 -16 Oktober.

Sien julle daar.

Jaco

UIT DIE STOEL / FROM THE CHAIR



Hannes Mundey
Voorsitter:
KSA Tygerbergstreek

Al die Tygerberglede en medekampers

Waar kom Snoektown vandaan? Dick Walker is die stigter van Snoektown. Hy het in 1976 Kaap toe getrek en aangesluit by die enigste klub in die Kaap – Cape Western. By destyds se saamtrekke is sport gespeel in spanne met verskillende "vis" name en vandaar die naam "Snoektown".Daar is dan ook in 2005 se Snoektown voorsittersvergadering gestem of Snoektown elke jaar moet plaasvind of elke twee jaar. Die uiteinde was elke **2 jaar**, tydens 'n nasionale kamp.

I would like to thank the Committee and members of Tygerberg Region for organising a great rally. The huge effort and hard work is much appreciated by all our members and surely all the other regions. We had great fun!!

Aan die einde van die dag was almal se gô behoorlik uit en sommige lede is voor die kinders bed toe. Bietjie onfiks, of hoe? Saterdagaand se verrigtinge in die Bier tent was uitstekend met verskillende kunstenaar wat gesing het en ook het Arno van Zyl van Springbok ons vermaak met uitstekende Namakwalandse stories.

Daar was die naweek altesaam **160 karavane**. Besoekers 1, Tygerberg 57, Cape Western 38, Disa 27, Good Hope 27. Tafelbaai 10 en Boland 0.

Lidmaatskapgelde vir 2011/2012 was weer betaalbaar teen 01 Julie 2011. Daar is wel 'n grasie periode tot einde September 2011 deur Hoofkantoor toegestaan, maar ek wil 'n beroep doen op lede om hulle lidmaatskapgelde so spoedig moontlik te betaal. Ons is reeds 112 lede wat hernieu. Daar is egter heelwat lede umet uitstaande lidmaatskapskap gelde.Die lidmaatskap gelde bly onveranderd teen R210.00 per jaar.

"Lidmaatskap is weer hernubaar teen 30 September 2011."

Aan ons Hemelse Vader die Dank vir alles wat Hy vir ons moontlik maak.

Karavaan Groete

Hannes

SNOEKTOWN SPORT

Tri Athlon

Vrydag ggend nog voor die Snoektown begin het ek ‘n paar versoeke gekry om tog die Driekamp se swem item te heroorweeg aangesien die weer klaarblyklik nie sal saam werk nie. Soos my portefeulje aandui moet ek ook aan die lede ‘n diens verskaf. Ek het toe dadelik die voorsitters en skakel beampte van die ander streke geskakel en hulle was al te bly met die nuwe verwikkelinge aangesien daar ook ‘n probleem was om inskrywings te kry vir die item.

Saterdagoggend is die borg se bakkie /baniere en Gazebo in ‘n mot reëntjie reggesit vir die Driekamp. Om 08:15 was daar 21 deelnemers wat aangemeld het, die reën was weg en die Driekamp was ‘n groot sukses. Dankie aan die Tygerbergers wat deelgeneem het en die twee katogorieë tenvolle ondersteun het. Daar was selfs na die tyd genoem dat die swembad water eintlik warm is en dat hulle sou geswem het. Ek wonder.

Die wenner was aangewys as Tygerberg tweede was Disa en in die derde plek Goodhope.

Pétanque

Om 09:30 het die silwerballe aan die beurt gekom. Tygerberg se spanlede was gereed vir die groot aanslag en het onmiddelik balle bymekaar gemaak en hulle self in spanne vedeel. Die mans en vroue span het baie mooi deurgekom maar in die semi finaal het altwee vasgeval.

Die vroue span het in die semi finaal teen Tafelbaai verloor, maar wel die uitspeel vir die derde plek gewen teen Disa. Die vroue finaal was gespeel tussen Goodhope en Tafelbaai en die wenner is aangewys as Goodhope.

Die mans span het weer in die semi finaal teen Goodhope verloor, maar ook hulle uitspeel wedstryd vir die derde plek teen Tafelbaai gewen. Die mans finaal was gespeel tussen Goodhope en Cape Western en die wenner was aangewys as Goodhope.

Dankie aan die spanlede wat die Tygerberg naam hoog gehou het tot die bitter einde.

Volley Ball

Die volley ball het begin om 10:00 en die streke wat die naweek teenwoordig was het dit in groot hoeveelhede ondersteun. Daar was die ernstige deelnemers en die wat dit net kom geniet het. Daar was vir elke punt hard baklei maar die skeidsregter/s het die laaste sê gehad tot en met die laaste fluitjie. Tygerberg se span het deurgedring to die semi finaal, maar vasgeval teen Goodhope. By die uitspeel van die derde plek het Tygerberg wel geseevier deur Tafelbaai te klop. Die finaal was gespeel tussen Disa en Goodhope en Disa was as wenner aangewys. Vir al die Tygerberg spanlede wil ek bedank vir hul deelname vir ons span en ek sien party het sommer die ander se span ook volgemaak. ‘n Tygerberg kamper sien ek help ook oral.

“Fun Sport”

10:00 by Ouskip swembad het daar ‘n ander tipe “sports” begin en die terugvoer wat ek gekry en ook gesien het, was dat dit defnitief “sports” was. Daar was drie been resies, sakresies, aartappel met lepel en water bottle vol maak met spons. Daar was die kansvaters en die wat by die reëls gehou het, maar die skeidsregter was nie maklik ‘n rat voor die oë gedraai nie en sy het die

SNOEKTOWN SPORT

kansvatters laat bontstaan. Ek hoor daar was selfs die wat gevind het die waterbak is te ver en hulle spons in die swembad gedruk het en die lepel is met steel en al in die aartappel ingedruk. Ek glo nie dit was Tygerberg nie of moet ek maar niks sê nie?

Na die "sports" was die wenner as volg aangedui:

Drie Been resies:	1. Tygerberg	2. Disa	3. Goodhope	
Sak resies:	1. Disa	2. Tygerberg	3. Goodhope	
Aartappel:	1. Goodhope	2. Disa	3. Tygerberg	4.Cape Western
Spons:	1.Tygerberg	2. Disa	3. Cape Western	4. Goodhope

Baie dankie aan die deelnemers en my amptelike en nie-amptelike helpers, ek gaan nie name noem nie, maar julle en ek weet wie julle is.

SOSIAAL

In my nuwe portfolio moet ek groot skoene vul, wat diep spore getrap het. Ek wil vra dat my mede kampeerders my asb. sal ondersteun met my geldinsamel projekte wat ten bate van ons klub(lede) sal wees.

'n Paar interresante pryse gaan oor die volgende paar kampe geloot word. Julle ondersteuning sal baie waardeer word.

Met dank, Mario Snyman

LIEF EN LEED

Ons wil graag beterskap toewens aan die volgende persone:

Allen Olsen wat herstel na 'n operasie
Anton v/d berg wat in Desember 'n operasie sal ondergaan
Martin Smit wat tans aansterk in die hospitaal

Baie geluk aan Wessel van Eck wat verkies is tot koshuis prefek vir 2012 by Paarl Gimnasium.

Morné van Schalkwyk

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag dit 'n mooi jaar vir elkeen wees.

Riaan Groenewald—1 Sept
Noa van Wyk—1 Sept
Marizka Coetzee—2 Sept
Jean Coetzee—2 Sept
Gustav Coetzee—2 Sept
Waldo Ras—4 Sept
Nadia Strauss—5 Sept
Elfreda de Kock—6 Sept
Desire Ehlers—6 Sept
Danie Roux—7 Sept
Annelie Koen—9 Sept
Willem Snyder—9 Sept
Marguerite Human—10 Sept
Krappie Naude—12 Sept
Anel Olsen—12 Sept
Anelia Streicher—12 Sept
Karen Rousseau—13 Sept
Jano Brand—14 Sept
Carien de Waal—15 Sept
Gillian Rudolph—17 Sept
Jeff Wedgwood—17 Sept
Leandre Van Deventer—17 Sept
Chris Rust—20 Sept
Christina Van Rensburg—21 Sept
Charleen Matthee—23 Sept
Charleen Visser—23 Sept
Charles Rudolph—25 Sept
Nico Duvenhage—25 Sept
Amelia VD Westhuizen—25 Sept
Morne Kruger—26 Sept
Marius Kuun—28 Sept
Kenny White—28 Sept
Zandre de Waal—28 Sept
Ghida Visser—29 Sept
John New—30 Sept

Graag versoek ons dat u u kinders se geboortes aan ons Sekretaresse sal deurgee.

HERNUWING VAN LIDMAATSKAP

KSA se finansiële jaar het ten einde geloop op 30 Junie 2011. Dit beteken dat almal van ons weer ons lidmaatskapfooie vir die volgende jaar moet betaal. Die gelde kan by enige van die komende kampe direk aan ons Sekretaresse, Marisa Burger, óf ons Tesourier, Sonja Ritter, betaal word. Hulle sal kwitansies uitreik en Sonja sal dan verseker dat die lidmaatskapkaartjies by diegene uitkom wie betaal het. Onthou dat u nie u lidmaatskapgelde by die Saamtrekbeamptes van die naweek kan betaal waar u die normale kampgelde betaal nie. Lidmaatskapgelde kan slegs by Sonja óf Marisa betaal word. Ledegelde beloop R210.00 per jaar.

Andersins kan u óf 'n elektroniese oordrag direk in KSA Tygerbergstreek se bankrekening doen, óf die geld by enige ABSA tak gaan inbetaal. Indien u van enige van hierdie twee metodes gebruik maak, MOET u asseblief onthou om u **lidmaatskapnommer** as **verwysingsnommer** op die deposito strokie te gebruik. Die bankbesonderhede is as Volg:

BELANGRIK
IMPORTANT !!

BAIE, baie dankie aan almal wie reeds hulle lidmaatskap hernieu het. Ons wil graag die gelde so vinnig moontlik aan KSA Hoofkantoor oorbetaal.

CCSA Tygerberg Region's Banking Details:

Bank:	ABSA Bank
Acc. No.	3800 409 2381
Branch Code:	632 005
Acc. Name:	KSA Tygerbergstreek
Reference:	Membership No. / Your Name

Ag, kom kamp nou saam, jy gaan sien jy gaan sommer vinnig beter voel...

Glo – Sticks

Ons kindertjies moet onthou dat daar by elke kamp

Glo – sticks te koop is teen R2.50 een.

ADVERTENSIES

Let wel : Advertensies moet in jpeg formaat gestuur word tesame met die bewys van betaling.

Eugene Ehlers
Director / Direkteur

Tel: (021) 558 4582
Sel/Cell: 083 644 6993
Faks/ Fax: 086 517 5013
E-mail/ E-pos: eugene@titanrm.co.za

TRM
TITAN RISK MANAGEMENT
TITAN RISIKOBESTUUR
FSP 10887

"Korttermynversekeringsmakelaar vir KSA Tygerberg / Short term insurance broker for CCSA Tygerberg"

LABOURWISE
www.labourwise.co.za

THE EMPLOYERS CHOICE for all labour matters, standard documentation (warnings , contracts, notices, etc.) and **FULL TELEPHONIC & EMAIL support** for the day-to-day management of employees.

Contact Pieter Human on 086 010 2871 and/or info@labourwise.co.za for

Blossom Sandwiches

These cute sandwiches made with peanut butter and jam (or cream cheese and jam, or any other fillings)

Ingredients

- Bread
- Peanut butter or cream cheese
- Jelly or jam

Water bottle cap

Instructions

For each sandwich, cut two slices of bread into flower shapes with a cookie cutter.
Cut a hole in one of the slices by pressing a water bottle cap into the center.
Spread the peanut butter and jelly on the whole piece and place the slice with the hole on top.

GEDAGTE VIR DIE MAAND

"We will not be remembered by our words, but by our kind deeds. Life is not measured by the breaths we take, but by the moments that take our breath"

Filippense 4:8

Verder broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – daarop moet julle julle gedagtes rig.

· Wat jy aan dink maak 'n groot verskil in wat jy elke dag doen!

· Wanneer jy net dink aan jou probleme, fokus jy op die negatiewe.

· Gee vandag jouself 'n kans om aan die goeie dinge te dink.

· Loof en eer God vir die goeie wat Hy in jou lewe bring.

· Vestig jou gedagtes op dit wat van Bo af is.

Gebed: Ons Vader in die hemel, help my om my gedagtes op die goeie te hou! Amen

Sien julle by die volgende kamp - Oostewal

Geography	
Province	Western Cape
Region	West Coast
Closest Town	Langebaan
GPS: Campsite	18°2' 12" E 33°5' 32" S

Facilities	
Toilets	Flush Toilets
Showers	Hot & Cold
Washing up	Yes
Braai Grid	No

Activities	
Swim	lagoon
Fishing	lagoon

Rules
No Dogs
No Motorcycles
No Sleeping in Vehicle

KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

Posbus 1797
Brackenfell
7560

Tel: 021 981 5821
Faks: 086 656 3345
E-Pos: tygerberg@caravanclub.org.za
Webtuiste: www.caravanclub.org.za

ONDERVIND DIE KARAVAAN LEWE SAAM MET TYGERBERGSTREEK

KSA TYGERBERGSTREEK KOMITEE

Titel	Komittee Lid	Telefoon Nommer	Faks Nommer	E-Pos Adres
Voorsitter	Hannes Mundey	082 492 7126	086 532 8824	hannes@bravoevents.co.za
Onder-Voorsitter	Chris Groenewald	083 302 0471	086 616 0768	chrisgr@mweb.co.za
Sekretaresse	Marisa Burger	078 788 5262		marisa.burger@vodamail.co.za
Tesourier	Sonja Ritter	083 644 6263	086 656 3345	sonjarit@mweb.co.za
Hoof Saamtrekbeampte	Jaco Etzebeth	083 789 7600	086 607 6076	jaco@advalorum.co.za
Lede Diens	Morne Van Schalkwyk	082 324 7558		morne.vanschalkwyk@dcs.gov.za
Sosiaal	Mario Snyman	082 5759 432		mario@mscargoservices.co.za
Smous	Marika van Eck	084 839 2042	086 604 9576	smous.trader@gmail.com
Redakteur	Marlene Etzebeth	082 484 4284	086 607 6076	jmc@etzebeth.co.za

Disclaimer

The views expressed in this publication are not necessary those of the editor, the region/club or committee and they do not accept liability for them. While every care is taken with reproduction of photos and other submitted formats and articles, the persons above do not accept liability for loss or damage to the articles supplied.